

Donderdag 4 Augustus

Skrifgedeelte: Psalm 35

Fokusgedeelte: Psalm 35:9, 18, 28

Vertrou en hoop op die Here deur beproewings heen

In Psalm 35 sien ons dat Dawid op 'n stadium in sy lewe deur mense wat baie naby aan hom was, lelik in die rug gesteek is. In vers 12 tot 14 lees ons hoe naby Dawid aan hulle was: toe hulle siek was, het hy intens meegeleef, en gevas, en vir hulle voorbidding gedoen! Maar nou, ná al sy goedheid, steek dieselfde mense hom in die rug! Hulle bring allerlei vals beskuldigings teen hom in, stel vir hom strikke, verlustig hulle in sy leed, en soek sy ondergang! In vers 4 lees ons hulle soek selfs sy lewe! Ons kan onself net indink hoe onsettend moeilik hierdie tyd in Dawid se lewe moes gewees het.

Soms kan dit ook met ons gebeur dat ons hewige beproewings beleef, en partykeer juis beproef word deur mense van wie ons dit die heel minste verwag! In sulke tye is mens nie net teleurgesteld nie, maar dikwels ook ontsteld! So, wat doen Dawid in sulke tye? Hy stort sy hart voor die Here uit! Hy worstel met die Here in gebed, en Hy smeeek God vir uitkoms en hulp! En al is die uitkoms nog glad nie daar nie, kry hy tog in sy worsteling opflikkerings van hoop! Ons sien in verse 9, 18 en 28 dat hy reeds vertel van sy lof en dank wat hy gaan bring oor God se redding en trou, al is hy op die oomblik nog in die middel van die beproewing!

En dit is presies wat geloofsvertroue is: Om vas te vertrou op die dinge wat ons hoop, al sien ons dit nog nie! (Heb. 11:1). Mag die Heilige Gees jou help om so vas te vertrou op alles wat God vir jou in en deur Jesus gee, ook deur jou moeilikste beproewings heen!

Sing: Psalm 31-1:1, 3, 5

Ds. LM Floor (Marcel) (Sasolburg)